JEUGLES: Wedergeboorte

1. Praise and Worship

2. Ysbreker 1: Verander aan die buitekant

- Elke groepleier kry 2 botteltjies by my, een met water in en die ander met wit druiwesap asook ‘n skinkbord, drukkertjie, koekkleursel en genoeg glasies vir elke kind.
- Leiers bring asb ‘n swartsak saam asook ‘n skotteltjie waarin jy voor die tyd water tap en die glasies tussen die twee illustrasies in uitspoel.
- Vir die eerste ysbreker gooi die leier vir elke kind ‘n bietjie water in hulle glasies. Laat hulle daaraan proe en sê wat dit is – water –
- Neem nou die drukkertjie en drup ‘n kleintjie bietjie koekkleursel in elke kind se glasie, roer dit goed deur met die drukkertjie en laat die kinders weer daaraan proe.
- Het die koekkleursel aan die smaak van die water verander? Nee, dit het wel verander hoe die water lyk, maar nie aan hoe dit proe nie.

3. Ysbreker 2: Verander aan die binnekant

- Spoel die glasies gou uit in die skotteltjie en gooi weer bietjie water vir elke kind in. Laat hulle weer daaraan proe en sê wat dit is – water –
- Gooi nou vir elkeen ‘n bietjie ‘flat’ Sprite by hulle water en laat hulle dit weer proe.
- Het die Sprite verander hoe die water lyk? Nee, dis nogsteeds wit, maar dit het wel aan die smaak verander.

4. Wedergeboorte:

Wanneer ons oor die Heilige Gees praat en wil regtig meer oor hom weet is daar ‘n paar belangrike goed wat ons oor Hom moet weet, en dit het ons die laaste paar weke met julle gedoen.

Ons het begin deur te praat oor WIE die Heilige Gees is, daarna het ons julle van Pinkster vertel en dat dit die dag was waarop die Heilige Gees op God se kinders uitgestort is. Wie kan so paar goed van daai amazing dag onthou?

Verlede week het ons oor die Gees van die Waarheid gepraat – wie kan vir my vertel wat julle daaroor geleer het?

Julle kennis oor die Heilige Gees sal onvolledig wees as ons nie met julle oor die wedergeboorte gesels nie.

En dis waar die ysbrekers inkom: wedergeboorte is nie iets wat ons aan die buitekant sien, soos die 1ste ysbreker met die koekkleursel nie, dis iets wat BINNE ons gebeur, soos die 2de ysbreker – jou ‘smaak’ verander nie jou ‘look’ nie.

Groepwerk:

Lees Joh 3:1-8 in julle groepe en kyk of julle die volgende vrae kan antwoord:

Vraag 1: Wat het Nikodemus gedink het Jesus bedoel met weer gebore word?

Joh 3:3 "Daarop sê Jesus vir hom: Dit verseker ek jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koningkryk van God nie sien nie".

Vraag 2: Wat verstaan julle onder wedergeboorte?

Antw: Die term "wedergebore" beteken letterlik "geboorte van bo". Nikodémus het werklik 'n behoefte gehad. Hy het 'n hartsverandering nodig gehad—'n geestelike transformasie. Die nuwe geboorte, om wedergebore te word, is 'n Godsdaad waar die persoon wat glo die ewige lewe geskenk word.In Johannes 1:12,13 lees ons dat wedergeboorte ook beteken dat ons kinders van God word deur te glo in die naam van Jesus Christus.

Om weer gebore te word beteken om 'n nuwe mens geestelik te word, 'n persoon wie se sondes vergewe is en betrokke is in 'n intieme verhouding met God.

Vraag 3: Hoekom is dit nodig dat iemand weer gebore moet word? Gebruik Ef 2:1 en Rom 3:23 om julle met die antwoord te help.

Ef 2:1 "Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes "

Rom 3:23 "Almal het gesondig en is ver van God af"

Antw: 'n Persoon moet weer gebore word sodat die sondelas van hul afgewas kan word en hulle 'n verhouding met God kan hê.

Vraag 4: Hoe gebeur wedergeboorte? Gebruik Ef 2:8-9 en 2 Kor 5:17 om julle met die antwoord te help.

Ef 2:8-9 "Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie"

2 Kor 5:17 "Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom."

Antw: Wanneer iemand "gered" word, word hy/sy weer gebore, geestelik nuut en is van dan af, deur die nuwe geboortereg, 'n kind van God. Om "wedergebore" te word, is om op Jesus Christus te vertrou, die Een wat die prys vir die sondelas betaal het toe Hy aan die kruis gesterf het.

Vraag 5: In 2 Kor 5:17, wat verstaan julle onder oud en nuut?
Antw: Die ou dinge is die dinge wat deel was van my lewe voordat ek my lewe vir Jesus gegee het, die verkeerde goed wat ek gedoen het, en die verkeerde goed wat ek altyd wou doen, die feit dat ek oppad hel toe was. Die nuwe dinge is, dat my hart en lewe nou aan Jesus behoort en dat ek ‘n ewigheid saam met Hom in die hemel gaan wees. Dat Hy my soongewas het met SY bloed, en dat my begeerte is om Hom beter te leer ken, en nie meer in die sonde vasgevang te word nie.

<u>Vraag 6</u>: Wie laat die wedergeboorte in jou gebeur/ wie se ‘werk’ is dit?
Antw: Die Heilige Gees

5. Afsluiting:

Jesus het gesê dat ons weer gebore moet word. Dis nie net genoeg om kop kennis van God te hê nie, maar ons moet regtig begeer om met ons hele lewens vir Hom te leef. Ons het iets nodig wat net God ons kan gee, ‘n nuwe hart en nuwe gees. Dis iets so spesiaals dat Jesus dit wedergeboorte genoem het. Die Heilige Gees is intens betrokke by die wedergeboorte van ‘n gelowige.As daar van julle is wat julle harte / lewens vir Jesus wil gee, bly na die tyd agter by jou leier en dan help hulle jou daarmee.

6. Sluit af met gebed en deel selfone uit.